’n Rok vir Sinah se matriekafskeid

***Hendrik Saayman** is ’n tentmakerleraar by die Moreletapark-gemeente en ’n sendingkonsultant vir DiePLAN, verantwoordelik vir Pretoria en omgewing.*

Moedeloos, hooploos, terneergedruk... dit is alles woorde waaraan ’n mens kan dink as jy na die omstandighede kyk waarin pastoor Israel Zimelwami sy geloofsgemeenskap moet lei.

Israel het ’n kerk in Soshanguve net noordwes van Pretoria geplant. Die grootste persentasie van sy lidmate is werkloos en sukkel om kop bo water te hou. Hulle het nie ’n gebou van hulle eie nie en kan beswaarlik die lokaal waarin hulle bymekaarkom se huur betaal.

Israel moet ekstra werk doen om ’n inkomste te genereer omdat die gemeente hom nie kan betaal nie. Ten spyte van hulle omstandighede gaan hulle egter blymoedig voort om God te dien en om vir mekaar om te gee. “Moedeloos, hooploos en terneergedruk” is nie deel van hulle woordeskat nie.

Israel verstaan iets van die diensbaarheid van die kerk. Daarom reik hy op allerhande maniere uit na die gemeenskap. Een voorbeeld hiervan is die verhaal van Sinah, ’n graad 12-leerder in sy kerk.

Sinah is die eerste lid van haar familie wat tot by graad 12 gevorder het – ’n merkwaardige prestasie as ’n mens haar omstandighede in ag neem. Haar ouers is albei werkloos. Haar pa was in daardie stadium ’n alkoholis. Hulle finansiële omstandighede was baie moeilik. Daar was skaars geld vir kos. Vir haar was daar nie eers die moontlikheid om te droom oor die matriekafskeid nie – iets wat geen matriekleerder sal wil mis nie. Hulle kon dit nie bekostig om vir die funksie te betaal nie, wat nog te sê vir ’n spesiale rok!

Dit is hier waar pastoor Israel en sy kerk in die prentjie kom. Hulle het te hore gekom van Sinah se situasie en besluit dat hulle iets daaraan moet doen. Israel se vrou was besig met ’n naaldwerkkursus en het haar instrukteur gevra of sy haar sal help om ’n rok vir Sinah te maak. Die instrukteur was nie ’n volgeling van Jesus nie, maar die idee dat die kerk vir Sinah wil help om haar matriekafskeid by te woon, het haar so aangegryp dat sy ingestem het om te help.

Die gemeentelede het uit hulle karige bronne geld bymekaar gemaak om vir die funksie te betaal. Israel en sy vrou het die materiaal vir die rok en ook bypassende skoene gekoop. Sinah se droom om die matriekafskeid by te woon, het waar geword – die eerste lid van haar familie wat dié voorreg gehad het.

Dit was egter nie net Sinah wat baat gevind het by die inisiatief nie. Die naaldwerkinstrukteur het besluit dat sy graag deel wil wees van ’n geloofsgemeenskap wat só omgee vir mense. Boonop was Sinah se ouers en familie só aangeraak deur die praktiese liefdesdaad dat hulle kerk toe begin gaan het en volgelinge van Jesus geword het. Nederige diensbaarheid is onweerstaanbaar!

Sinah het Graad 12 geslaag en pastoor Israel het gereël dat sy ’n beurs vir haar verdere studies, asook ’n deeltydse werk, kry.

Met min hulpbronne, maar gewillige harte, geloof en diensbaarheid, het Israel en sy geloofsgemeenskap ’n groot impak gemaak. Menselewens is ten goede verander!

Sinah in haar matriekafskeidrok.